Acta Theologica 2004:2

# PARTIKULIERE EN ALGEMENE SINODES

## ’N GEREFORMEERDE BENADERING

P.J. Strauss[1]


## ABSTRACT

## PARTICULAR AND GENERAL SYNODS

### A REFORMED APPROACH

In this article the author investigates the character, composition and task of particular or regional synods and of general synods in reformed churches. Although the character and composition of these assemblies in the church can be defined fairly easily, the same can not be said of the distinction between the task of the former and the latter. The fact that both of them were called upon in the past to look after matters common to all congregations within its borders, created a vagueness in this regard. Which are those matters common to all congregations which should be attended to by particular synods and which by general synods? His solution is the application of two well-known principles of a reformed church polity: firstly, that major assemblies should not attend to matters which could be dealt with at minor assemblies, and, secondly, that a general synod should concentrate on those issues which are really common to all congregations in the specific denomination.

## OPSOMMING

Die skrywer kyk na die aard, samestelling en werksterreine van partikuliere of streeks- en algemene sinodes soos wat dit in gereformeerde kerke aangetref word. Waar die aard en samestelling van beide redelik maklik uit te wys is, is daar ’n vaagheid in die onderskeid tussen hulle werksterreine. Hierdie vaagheid word veroorsaak deur die feit dat beide getaak word om om te sien na dié sake wat gemeentes binne hulle ressort gemeenskaplik raak. Die vraag wat ontstaan, is “Watter van hierdie sake moet deur die partikuliere en watter deur die algemene sinode verrig word?” Volgens die skrywer lê die oplossing hiervoor in die toepassing van twee erkende gereformeerde kerkregtelike beginsels: dat meerdere vergaderings nie sake hanteer wat op mindere vergaderings afgehandel kan word nie en dat algemene sinodes net daardie sake hanteer wat werklik algemeen van aard is.


1 Prof. P.J. Strauss, Hoof: Departement Ekklesiologie, Fakulteit Teologie, Posbus 339, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein, 9300. E-pos: straussp.hum@mail.uovs.ac.za

# 1. PROBLEEMSTELLING

Die geykte voorkoms van streeks- of provinsiale of partikuliere sinodes en 'n algemene of generale of nasionale sinode — 'n ontleding van die gebruik van hierdie benamings volg later — in gereformeerde kerke mag by buitestanders die indruk laat dat ons hier met goed afgebakende en van mekaar deeglik te onderskeie kerkvergaderings te make het. Vergaderings wat op een of ander wyse lank reeds uitgeklaarde kerkregtelike grond vir hulle terrein, agenda en samestelling het.

Dit is egter nie die geval nie. Die blote feit dat nie alle gereformeerde kerkverbande of kerkgemeenskappe partikuliere sinodes én 'n algemene sinode het nie, of dat die sinodes by sommige die werk van die ringe of klasses doen of gedoen het, onderstreep hierdie punt. Onder eersgenoemde val byvoorbeeld die Christian Reformed Church in North America (CRCNA; Van Dellen en Monsma 1968:180; Brink en De Ridder 1980:201). Bekende voorbeelde onder laasgenoemde is die Franse Gereformeerde Kerkverband wat in 1559 sonder klasses maar mét partikuliere sinodes vorm, die Nederlandse Gereformeerdes wat in 1568 by Wezel met 'n konvent wegspring en eers by die Sinode van Emden, drie jaar later, op "eene classisindeling besloten" (Bouwman 1985:190),[2] en die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) wat in 1824, by die eerste algemene kerkvergadering of sinode, sonder ringe funksioneer (Kleynhans [*s.a.*]:301). Hierdie voorbeelde bevestig dat daar nie 'n universeel bindende én gedetailleerde voorskrif is dat alle gereformeerde kerke partikuliere en algemene sinodes moet hê nie.

Die vraag wat hieruit ontstaan, is waarom ons dan in sekere kerkverbande partikuliere en algemene sinodes het en wat die aard, samestelling en funksie daarvan behoort te wees. Wat is die prinsipiële agtergronde daarvan? Met watter soort meerdere vergaderings het ons dan hier te doen?

2 Bouwman wys daarop dat die Gereformeerde Kerke in Frankryk eers klasses ingevoer het nadat die Nederlandse gereformeerdes op die Sinode van Emden van 1571 op 'n klassisindeling besluit het (1985:190).

## 2. HERKOMS VAN SINODES

Die ontstaan van sinodes kan prinsipieel én histories teruggevoer word na die besef wat daar in die gemeentes van die Here was dat die gelowiges van alle gemeentes almal deel van die één liggaam van Jesus Christus is. 'n Liggaam waarvan die lede gewillig moes wees om hulle gawes tot "nut en zaligheid" van die ander gelowiges aan te wend.[3] Terwyl die gemeentes of kerke een was in Christus, hulle Hoof en Koning, moes hulle ook in gehoorsaamheid aan die Woord die eenheid met mekaar soek en bewaar

> tot de handhaving van de recht Gods, tot verdieping en verbreiding van de kennis Gods en den opbouw van den gemeente.

Hierdie oorwegings het tot die ontwikkeling van die verskynsel kerkverband gelei waarvan die sinodale verband met sy sinodevergadering(s) een uitdrukkingsvorm sou wees (vgl. Bouwman 1985:188).

Die woord "sinode" is afkomstig van die Griekse "synodos" wat in sy oervorm bloot "saamkom om te beraadslaag", beteken. In kerklike kringe het dit egter die benaming geword vir 'n wettige, openbare vergadering van kerklike afgevaardigdes wat oor daardie sake wat die algemene of gemeenskaplike welsyn van die gemeentes raak, besluit (Bouwman 1985:187). In hierdie opsig sluit dit aan by die standpunt dat die verband, en daarom ook die sinode as vergadering binne die verband, *vir en namens* die gemeentes werk. Daarop kom ons terug.

In die gereformeerde kerklike tradisie kry ons drie soorte sinodes. Die eerste een is 'n sinode wat tussen die klassis of ring aan die een kant en die generale of algemene sinode aan die ander kant funksioneer. Hiervoor word benamings soos streek-, provinsiale of partikuliere sinode gebruik. Die Nederlandse Sinode van Emden (1571) het vir die naam "provinciaal" gekies (Rutgers *sa*:321) omdat die grense van hierdie sinodes met die grense van die staatkundige gebiede waarin die Nederlandse gemeentes hulle bevind het, saamgeval het: Duitsland en Oos-Friesland, Nederland waar die kerke "onder de kruis" geleef het en Engeland (Bouwman 1985:191). Maar, omdat sekere

3 Hierdie uitdrukking "tot nut en zaligheid" van die ander gelowiges word natuurlik ontleen aan die antwoord op vraag 55 van die Heidelbergse Kategismus, naamlik "Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?".

provinsies te veel gemeentes vir een so 'n sinode gehad het — in Holland wat eers later in Noord- en Suid-Holland verdeel het, moes daar twee provinsiale sinodes kom — het die Sinode van Dordrecht in 1578 op die naam "particuliere synode" besluit (Rutgers *sa*:321). Hierdie uitdrukking gee waarskynlik die saak waarom dit gaan, beter weer omdat dit hierdie soort sinode as deel van die kerk as selfstandige geloofsgemeenskap nie van staatkundige grense afhanklik maak nie. Anders kon die sinode dalk op 'n onnatuurlike manier beperk word. Boonop dui hierdie naam op gemeentes wat saamkom vir sake wat hulle in hulle besondere — partikuliere — omgewing raak. Die naam "streeksinode" kom egter ook voor en is gereformeerd kerkregtelik aanvaarbaar omdat dit nie noodwendig op 'n staatkundige nie, maar op 'n kerklike streek of omgewing kan dui (NG Kerk in Afrika 1999:5).

Wat die NG Kerk betref, het sy Algemene Sinode eers in 1962 tot stand gekom. Blykens artikel 36 en 37 van sy Kerkorde het selfstandige sinodes hulle in hierdie een algemene sinode verenig en in die proses bloot die benaming "sinode", sonder enige kwalifikasie behou (NG Kerk 2003:16, 17).

Die tweede soort sinode wat in gereformeerde kerke voorkom, is die breër nasionale of algemene of generale sinode. Hoewel Pont vanweë 'n sekere onderskeiding wat hy maak, na hierdie Sinode as die Nasionale Sinode van Emden verwys, verkies Emden self om van 'n generale sinode, "een algemene verzameling aller Nederlandse kerken",[4] te praat (1981:92, 104; vgl. Bouwman 1985:198). Eers by die Sinode van Dordrecht in 1578 word die woord "nationaal" ingevoer en hierdie twee benamings voortaan afwisselend vir hierdie soort sinode gebruik (Bouwman 1985:198). So noem Dordrecht (1578) homself 'n nasionale sinode, Middelburg (1581) homself 'n generale sinode, terwyl Den Haag (1586) en Dordrecht (1618-1619) ook die titel "nationale synode" gebruik (vgl Rutgers 1889:376, 387; en Biesterveld en Kuyper 1905:95, 141, 191, 225 vir die versorgde en gedrukte acta

4 Dit is betekenisvol dat Emden van alle Nederlandse "kerken" praat; dit is alle Nederlandse gereformeerde kerke of gemeentes. Histories en prinsipieel beskou is kerkverband in die gereformeerde sin van die woord ten diepste 'n verband van gemeentes (vgl. Strauss 1999:36).

van hierdie sinodes).[5] "Nasionaal" word wel in onderskeiding van of teenoor "provinsiaal" gebruik en "generaal" teenoor "partikulier" (Bouwman 1985:198).

Die nasionale of generale sinode sou oor daardie sake handel wat al die Nederlandse gereformeerde gemeentes in hulle breedste verband (Bouwman 1985:196) in gemeen gehad het. Die moontlike staatkundig-geografiese, of, as die gedagte van alle Nederlandse kerke as maatstaf gebruik word, etniese koppeling van die woord "nasionaal" plaas hom in dieselfde kategorie van onaanvaarbaarheid as "provinsiaal" wat sinodes betref. Die kerk kan vanweë sy aard as geloofsgemeenskap nie staatkundig of etnies beperk word nie, hoewel hy voortdurend met staat en volk moet rekening hou in sy bediening. Die Generale Sinode van Dordrecht van 1618-1619 was in sy behandeling van die saak teen die Remonstrante (Kuyper [*s.a.*]:95) bowendien geen nasionale sinode in óf die staatkundige óf die etniese sin van die woord nie. Daarvoor sou die afgevaardigdes uit Engeland, Duitsland en Switserland sorg (Kuiper 1995:268).[6] Die besluit van die Nederlandse State Generaal om in sy byeenroeping van hierdie sinode ook teoloë uit die buiteland te nooi (Kuyper [*s.a.*]:94, 95), spruit waarskynlik ook uit die besef dat sinodes as 'n uitdrukking van kerk- of geloofseenheid nie etnies of staatkundig beperk kon word nie.

Vir die doeleindes van hierdie artikel word die meer verkieslike benaming "generale", of, in Afrikaans, "algemene sinode" dus voortaan gebruik. Dit neem egter nie weg dat daar aan sekere benamings in bepaalde kontekste sekere betekenisse gegee word nie. Bouwman praat van die Dordtse Sinode van 1618 en 1619 byvoorbeeld as 'n sinode wat onder gereformeerdes destyds grootliks die status van 'n algemene sinode van alle gereformeerdes gehad het (1985:198), terwyl H. H. Kuyper by geleentheid ook daarna verwys as "het Gereformeerde oecu-

5 Dit is interessant dat Biesterveld en Kuyper in hulle inhoudsopgawe deurgaans na al hierdie sinodes as "nationale synoden" verwys — 'n aanduiding daarvan dat dit in die Nederlandse kerke as sinonieme gebruik is.

6 Uit Duitsland kon net afgevaardigdes van die Paltz, Emden, Bremen en Hesse kom, terwyl al die Franse wat genooi is, verhinder is (Kuiper 1995:268).

menische concilie" (*sa*:vii, 94).[7] Dit bring ons by die derde soort sinode wat in die gereformeerde tradisie voorkom, naamlik die ekumeniese sinode.

Hoewel die kerke van die Protestantse Hervorming waaronder die gereformeerde kerke dikwels langs die lyn van nasionale volkstate selfstandige kerkverbande ontwikkel het, is die ideaal van 'n algemene of ekumeniese gereformeerde sinode nooit heeltemal laat vaar nie. Talle voorbeelde wat dui op 'n besef van die eenheid in belydenis wat oor nasionale of kultuuretniese grense heen sny en hom in verskillende praktiese gestaltes van eenheid uitdruk, kom in die geskiedenis van hierdie kerke voor: die besluit van die Sinode van Emden dat hulle as uitdrukking van hulle geloofseenheid met die Franse gereformeerdes nie net die Nederlandse Geloofsbelydenis van 1561 nie, maar ook die Franse Belydenis van 1559 — beide adem die gees van Calvyn — sal onderteken (Pont 1981:103);[8] die buitelandse teoloë by Dordt vanaf 13 November 1618 tot 5 Mei 1619 (Pont 1981:168); die aanwesigheid van 'n paar presbiteriaanse Skotse *commissioners* by die oorwegend Engelse puriteinse Westminster Sinode van die 1640's (Kuiper 1995: 252) en die stigting van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES) in 1946 in Grand Rapids. Vir die GES was *Ecumenical* 'n sinoniem vir *International* (REC 1996:3). In 1988 verander die GES egter in 'n Gereformeerde Ekumeniese Raad (GER) omdat dit 'n sleutelelement van sinodewees ontbeer, naamlik om besluite wat mindere vergaderings bind, te kan neem (REC 1996:23, 24).

Terugskouend beteken dit alles dat daar in die gereformeerde tradisie tot op datum net twee soorte sinodes op gereelde basis voorkom: die partikuliere en die algemene. As ekumeniese sinode was Dordt 1618-1619 'n uitsondering wat nog nie weer herhaal is nie. Daarom word daar nou gekonsentreer op die aard, samestelling en funksie van die partikuliere en die algemene sinode.

7 Pont (1981:168) noem dit, teen die agtergrond van sy eie betrokkenheid by die Nederduitsche Hervormde Kerkverband in Suid-Afrika, "byna iets soos 'n hervormde ekumeniese konsilie" (*sic*!)

8 Hierdie besluit word artikel 2 van die handelinge of acta van hierdie sinode; vgl. Pont (1981:103).

## 3. SINODES FUNKSIONEER IN SINODALE VERBAND

Daar leef 'n breë instemmigheid onder gereformeerdes dat kerkverband 'n verband van gemeentes is. Of dit nou 'n nouer sinodale of 'n losser federale verband is. Kerkverband is 'n verband van gemeentes as volledige kerke of *ecclesiae completae*. Dat gemeentes volledig kerk is, beteken nie dat hulle volmaakte kerke of die hele kerk is nie. Dit beteken eenvoudig dat die merktekens of kenmerke van die kerk naamlik die suiwere bediening van die Woord en sakramente en die handhawing van die kerklike tug alleen in die gemeente aangetref kan word. Die begronding hiervoor word gevind in Skriflyne soos saamgetrek in artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Histories gaan hierdie benadering egter terug tot op Calvyn (vgl. Strauss 1999: 42vv.).

Daarom is die gelowige nie lidmaat van die kerkverband of kerk in die breë nie, maar van die gemeente. Dit is ook hier waar hy sy kerklike voorregte uitoefen of sy aandeel aan die bediening van die kerk het (Sadler 1991:65vv.). Die gemeente bly kerk — volledig kerk — selfs al bly daar net een gemeente op aarde oor (Bavinck 1967:356).

Maar, juis omdat die gemeente kerk is, tree hy gewillig én vrywillig toe tot kerkverband met ander gemeentes wat van dieselfde belydenis en hoofsake van kerkinrigting as hy uitgaan en dit in praktyk handhaaf (Bouwman 1985:16-17). Al sou die kerkraad of gemeente alle kerklike sake kon hanteer, dryf die diepe oortuiging van die algemeenheid en geloofseenheid van die kerk — van die noodsaak dat die gelowiges as die universele liggaam van Christus hulle gawes tot nut en saligheid van mekaar aanwend — hom daartoe om met gemeentes wat hierdie kernwaarhede met hom deel, kerkverband te soek en gemeenskaplike sake in die vergaderings van hierdie verband af te handel. Daarom is partikuliere en algemene sinodes vergaderings van gemeentes as volledige kerke deur middel van hulle afgevaardigdes.

In die gereformeerde sin van die woord het hierdie siening van kerkverband verskeie implikasies.

In die eerste plek boet die gemeentes wat onder die toesig en regering van hulle kerkrade staan, by hulle toetrede tot die verband

niks van hulle volledige kerkwees in nie. Die kerkrade kan steeds alle kerklike sake hanteer, maar kom by toetrede tot die verband ooreen dat sommige sake alleen deur die vergaderings van die verband — soos onderling afgespreek in die kerkorde — afgehandel kan word.[9] En as daar besluit is dat byvoorbeeld die partikuliere sinode of algemene sinode sekere sake moet afhandel, is hierdie besluite net so bindend soos die van die kerkraad (Strauss 1997:91vv.). 'n Gemeente se gewillige en vrywillige toetrede tot 'n sinodale verband impliseer ook 'n gewilligheid om hom aan die gesamentlike besluite van die gemeentes deur hulle afgevaardigdes te hou totdat daar 'n ander besluit kom of hy die betrokke vergadering tot ander insigte bring.[10]

In die tweede plek tree gemeentes as volledige kerke juis daarom as prinsipiële gelykes toe tot kerkverband. Hulle gelykheid word gekoppel aan hulle volledige kerkwees.[11] Daarom moet hulle stemkrag in meerdere vergaderings ook met hierdie beginsel rekening hou. As kerkverband 'n verband van gemeentes is, moet dit ook die ou gereformeerde gebruik weerspieël dat een gemeente nie meer as 'n ander na meerdere vergaderings moet kan afvaardig nie. Vanuit 'n ander hoek beskou, is daar vroeg in die geskiedenis van gereformeerde sinodes, by die Franse Sinode van Parys in 1559, reeds uitgegaan van die reformatoriese anti-hiërargiese beginsel dat geen kerk oor 'n ander sal heers nie: ook nie met stemkrag op 'n meerdere vergadering nie.[12] Geen menseheerskappy in die kerk nie sodat behalwe geen gemeente oor

9 Daarom dat die byvoorbeeld die NG Kerk in sy Kerkorde geen voorskrifte bevat vir die sake wat die kerkraad hanteer nie, maar spesifieke opdragte het vir die ring, sinode en Algemene Sinode; vergelyk NGK (2003:14-18).

10 Vergelyk Spoelstra se interessante en soms weersprekende bespreking in dié verband as hy dit het oor artikel 31 van Die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 'n artikel wat in sy oorspronklike vorm teruggaan op artikel 31 van die Dordtse Kerkorde van 1619, 1989:187vv. Die interpretasie van hierdie artikel het 'n groot rol gespeel by die sogenaamde vrymaking in die Gereformeerde Kerke in Nederland in 1944 (Bos 1980:80).

11 Gemeentes as volledige kerke is dus struktureel gelykwaardig, afgesien van die aantal lidmate van daardie gemeentes. In kerkverband werk ons nie met 'n demokrasie en koppe tel nie, maar met gemeentes as kerke.

12 Hovius (1972:17) verwys na die beginsel van "geen kerk oor 'n ander nie" as 'n *canon aureus* of goue reël teen alle kerklike hiërargie.

’n ander daar ook geen amp oor die ander sal heers nie.[13] Meerdere vergaderings moet uit ’n gelyke aantal persone per gemeente saamgestel word (vgl. Strauss 1989).

Teen hierdie agtergrond is ’n derde implikasie van hierdie siening van ’n sinodale verband dat sinodes van watter aard ookal nie moet probeer om aan die selfstandigheid van die gemeentes afbreuk te doen deur sake wat nie aan hulle toegesê is nie, na hulle toe aan te trek nie. In hierdie verband is daar boonop die ou gereformeerde stelreël dat meerdere vergaderings nie sake hanteer wat op mindere vergaderings afgehandel kan word nie (NGK 2003:11). Die kerk is nie ’n soort vereniging of *imperium* waarin die sinode as ’n sentrale kongres of wetgewer optree en waarin gesag en bevoegdhede in die sinode gesentraliseer word nie. Geen vergadering in ’n sinodale verband is belangriker as ’n ander nie en elkeen van hulle tree op sy terrein met ’n van-Christus-verleende gesag op (vgl. Strauss 1997:92).[14] Daarom moet die selfstandigheid van ’n vergadering om op sy terrein te mag handel, deur ander vergaderings eerbiedig word. “Meerdere vergaderings” beteken nie hoër of meer gesagvolle vergaderings nie, maar vergaderings van meer gemeentes deur middel van hulle afgevaardigdes. Dit gaan telkens om ’n uitwaaiering in ’n plat struktuur waardeur meer gemeentes in die volgende vergadering saamkom en nie om ’n leer van hiërargie waarin die kerkraad aan die onderpunt en die algemene sinode aan die bopunt van die leer staan nie. Beide die partikuliere en algemene sinode is net maar nog ’n vergadering — nie die belangrikste nie! — in ’n sinodale verband. Die beginsel dat meerdere vergaderings nie sake hanteer wat op mindere vergaderings afgehandel kan word nie

> …wil onder andere die volledige kerkwees van gemeentes beskerm en waak teen gesentraliseerde (pouslike) bevoegdheid in kerkverband. Dit wil verseker dat die Algemene Sinode niks meer as ’n

13 Plomp (1971:89) noem die eerste artikel van die Sinode van Emden in 1571 wat ’n bepaling met hierdie strekking het, een van die duidelike kenmerke van hierdie kerkorde, naamlik dat dit anti-hiërargies is.

14 Vergelyk artikel 20 van die Kerkorde van die NG Kerk wat spruit uit artikel 28 van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Nederland soos in 1559 aanvaar: (Elke kerkvergadering) het, elkeen na sy eie aard, ’n kerklike gesag deur Christus aan hulle verleen (NGK 2003:11).

> bepaalde kerkvergadering met 'n bepaalde agenda is nie, nie die hele kerk is nie en dat die kerk ook deur die kerkraad, ring/klassis en partikuliere sinode praat (NG Kerk 2002:190).

Die *aard* van partikuliere en algemene sinodes is dus dat dit vergaderings van die sinodale verband is. Hierdie verband word gevorm deur die gemeentes as volledige kerke sodat dit die gemeentes is wat op een of ander manier in sinodes bymekaar kom. Omdat dit egter onmoontlik is vir al die volledige kerkrade om in sinodes saam te vergader, vergader die gemeentes hier deur middel van hulle afgevaardigdes. Die *samestelling* van sinodes is dus dat dit bestaan uit afgevaardigdes van die gemeentes wat direk deur die kerkrade of, wanneer afvaardiging "trapsgewys" geskied, indirek deur die klasses of ringe na die partikuliere en algemene sinode of van die partikuliere sinode na die algemene sinode afgevaardig word. In so 'n proses moet die gelykheid van gemeentes of klasses of partikuliere sinodes voor oë gehou word.

Dit laat ons met die vraag wat die verskil in werksterrein is tussen die partikuliere en algemene sinode. Hoe moet die gemeentes binne 'n bepaalde kerkverband besluit of hulle partikuliere sinodes plus 'n algemene sinode benodig?

## 4. ONDERSKEID PARTIKULIERE EN ALGEMENE SINODE

Die bestaan van partikuliere sinodes en 'n algemene sinode in 'n bepaalde kerkverband word — in die lig van die betoog tot dusver — bepaal deur die *behoefte of omvang van die werk* in daardie sinodale verband. In die antwoord op die vraag of die betrokke verband naas 'n algemene sinode partikuliere sinodes benodig, oefen die samestellende gemeentes 'n *diskresionêre* opsie uit.

Teenoor die duidelikheid rondom die primêre taak van die klassis of ring wat reeds in die sestiende eeu as kerkvisitasie geïdentifiseer is én sedertdien so in gereformeerde kerke gehandhaaf word (Bouwman 1985:124, 145, 156), bestaan daar ietwat van 'n vaagheid oor die onderskeid in werksterrein tussen die partikuliere en die algemene sinode.

Oor die take van die algemene sinode het verskillende gereformeerde kerke deur die jare heen opsies uitgeoefen wat breedweg

met mekaar ooreenkom of verband hou. Verskeie gereformeerde *canonici* wys daarop dat dit die taak van die algemene sinode moet wees om dié sake wat die gemeentes in hulle breedste verband gemeenskaplik raak, te hanteer (Bouwman 1985:196; Nauta 1971:225; Van Wyk 1991:82).[15] Hoewel daar verskil van mening oor die besonderhede van hierdie sake is, dui Bouwman die volgende aan: die vasstelling van die belydenis, die tref van maatreëls vir die orde en tug in die kerk, vir die sendingwerk van die kerke én vir die goeie opleiding van voornemende predikante. Dit gaan hier volgens hom om maatreëls wat "voor alle kerken kracht bezitten" en wat die eenheid, krag en goeie gang van die kerklike lewe moet bevorder (1985:211vv.). Van Wyk verwys — sonder enige sweempie van kritiek en blykbaar instemmend — na die take van die nasionale sinode in Nederland in die sestiende eeu as die vasstelling en handhawing van die belydenis, die handhawing van dissipline, die vasstelling van die kerkelike orde, die inrigting van die openbare erediens en die tref van maatreëls wat die algemene welstand van die gemeentes bevorder (1991:82). Hy verskil hierin dus nie veel van Bouwman nie.

In sy verklaring van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Nederland (GKN) in 1971, toon Nauta aan dat die generale sinode van die GKN destyds die volgende moes doen: die keuse van 'n Bybelvertaling wat die kerke of gemeentes moes gebruik en die vasstelling van die belydenisskrifte, kerkorde, psalm- en gesangboek, die liturgiese orde en die orde van diens (1971:225vv.). Op daardie stadium het die GKN dus ook die gereformeerde lyn van Dordt gevolg.

In die voorlopige Kerkorde van 1998 van die Verenigde Protestantse Kerk in Nederland, die uitkoms van die "Samen-op-weg"-proses waarby die GKN ook betrokke is, word daar prinsipieel egter 'n ander weg opgegaan. Een volsin omskryf die taak van die generale sinode: dit sal leiding gee aan die lewe en werk van die kerk in "haar

15 Die bekende Konvent van Wezel van 1568 wat grondleggende werk vir die sinodale verband van die Gereformeerde Kerke in Nederland doen, wil dat so 'n sinode 'n noodsaaklike "eenparigen voet" moet onderhou in leer, seremonies en tug. Hierdie dinge moet die algemene welstand van die kerke en die onderhouding van die orde bevorder (Pont 1981:75).

geheel"[16] (Kerkinformatie 1998:20). In plaas daarvan dat die algemene sinode as een van die vergaderings van die kerkverband met 'n duidelik omskrewe agenda werk, ontvang dit nou 'n ongekwalifiseerde en byna gesentraliseerde én hiërargiese leidinggewende taak. In die finale Kerkorde word hierdie versoeking tot sentralisering oënskynlik egter weerstaan as daar volstaan word met die vae bepaling dat die algemene sinode slegs daardie sake hanteer wat deur die Kerkorde aan hom toegesê word en wat nie op mindere vergaderings afgehandel kan word nie. Hierdie Kerkorde maak interessant genoeg nie meer voorsiening vir partikuliere sinodes naas die algemene sinode nie (Kerkorde VPKN art. 6).

Die take van die sinode in die CRCNA teen die einde van die sestigerjare van die vorige eeu stem punt vir punt met die van die GKN van destyds ooreen (Van Dellen en Monsma 1968:185).[17] Hierdie bepalings was teen 1980 nog van krag (Brink en De Ridder 1980:201). By die vorming van die NG Kerk se algemene sinodale verband in 1962 word dieselfde sake ook aan die Algemene Sinode opgedra. Enkele byvoegings word ook gemaak: die behartiging van die gemeenskaplike belange van die sinodes en "federale en gefedereerde liggame"[18] wat voor die Algemene Sinode daar was, die vasstelling van die vereistes vir teologiese opleiding en die omsien na die ekumeniese belange van die NG Kerk in die breë (NGK 1962:9). Weer is die ooreenkomste met Bouwman opvallend.

'n Interessante beperking ten opsigte van die generale sinode by die GKN in 1971, of ten opsigte van die sinode by die CRCNA, is die bepaling dat veranderinge aan die belydenis en die ander sake wat

16 Die lang gekoesterde uitdrukking in gereformeerde Nederland om van die kerkverband as kerké te praat — dit wil sê 'n verband van gemeentes as komplete kerke — en wat dateer uit die Doleansie van 1886 en later, is daarmee ook die deur gewys (Rullman 1929:344).

17 Die CRCNA, spruit vanuit die ou Nederlandse gereformeerde stam in die negentiende eeu, het die GKN in die twintigste eeu grootliks in sy kerkorde gevolg (Strauss 1997:83).

18 Dit gaan hier oor liggame soos die Federale Sendingraad wat saam die Federale Raad van Kerke wat die Algemene Sinode vooraf gegaan het, bestaan het (NGK 1962:9).

hulle moet hanteer, nie kan plaasvind sonder inspraak van mindere vergaderings nie. Wat die GKN betref, moes mindere vergaderings die geleentheid kry om hulle ten minste daaroor uit te spreek en veranderinge deur 'n tweederde meerderheid van die generale sinode goedgekeur word. In die CRCNA moet die kerke (gemeentes) ook die kans kry om hulle daaroor uit te spreek sodat hulle menings aan die sinode bekend is as hy daaroor besluit (Brink en De Ridder 1980:201). Die rede by beide was en is waarskynlik drieërlei: dit gaan hier om gewigtige sake vir gereformeerdes, dit word erken dat die sinodale verband 'n verband van gemeentes is én kerklike besluite moet vanuit die Woord oortuig en nie oordonder of oorweldig nie omdat dit in die kerk om gesindhede en dus om oortuiging gaan. Daarom moet die besluite van die algemene sinode soms deur wyer gesprek en debat vooraf gegaan word.

Nauta wys daarop dat hierdie maatreël wou verhoed dat die generale sinode die "kerken met haar besluiten overvallen". Verder verminder so iets die moontlikheid dat onjuiste of onrype besluite geneem word en verseker dit 'n redelike omvangryke instemming by sulke belangrike sake (1971:227-228). Van Dellen en Monsma val hom hierin by met die oordeel dat die bepaling van die CRCNA op hierdie punt haastige en onwenslike besluite verhinder (1968:188).

In 1994 voer die Algemene Sinode van die NG Kerk ook die moontlikheid in dat hierdie Sinode mindere vergaderings kan raadpleeg in kwessies wat na sy oordeel tot verdeeldheid onder lidmate kan lei. Sy uitgesproke oogmerk is egter nie om die beginsel dat 'n sinodale verband uit gemeentes as volledige kerke bestaan, te honoreer nie, maar om groter konsensus oor hierdie sake onder lidmate in die sinodale verband te kry (NGK 1994:439). Wat ookal sy rede is, hiermee stuit die Algemene Sinode in elke geval op die waarheid dat jy nie die gemeentes in kerkverband kan ignoreer nie én dat oortuiging die kerklike manier van doen is. So nie, kan jy probleme ontwikkel.

Dit is wanneer die agenda van die algemene sinode met die van die partikuliere sinode vergelyk word, dat daar onsekerheid oor die afbakening van hulle terreine ontstaan.

Bouwman gaan nêrens grondig in op die agenda van die partikuliere sinode nie. Hy wys wel daarop dat hierdie sinodes in die Franse

gereformeerde kerke van die sestiende eeu aanvanklik appélle teen kerkraadsbesluite, tugsake en die gedwonge verskuiwing van predikante moes hanteer. Hulle moes op daardie stadium egter die werk van die klasses doen omdat hierdie vergaderings eers na 1571 in hierdie kerke ingevoer is (1985:190).

Nauta betoog dat die partikuliere sinode 'n belangrike funksie in die kerklike lewe vervul deur middel van hulle deputate. Dit gaan vir hom hier om twee soorte deputate: diegene wat klasses moet help en bystaan in moeilike sake en omstandighede — die sogenaamde swarigheidsdeputate — en diegene wat adviserend of in gevalle van appél betrokke is by die eksaminering, ontslag, afsetting, bedanking en emeritering van predikante. Beide soort deputate vervul hoofsaaklik 'n hulp- en toesigfunksie by en oor die klasses vanuit die kerkverband (1971:211-212). Hy kry steun vir hierdie aanduiding van die agenda van partikuliere sinodes uit die vrygemaakte kring[19] in die persoon van Harmannij (1990:76). Mens sou egter aan beide kon vra of partikuliere sinodes dan niks anders as tweede linie klasses is nie? Dupliseer dit nie dinge nie?

Van Wyk gee aan die "provinsiale sinodes" van Gereformeerde Nederland in die 1500's die taak om te handel oor die leer, die kerkorde en "besondere sake". Hulle moes ook dissipline in hulle ressort handhaaf en "regspraak"[20] lewer in die gevalle wat die klasses nie kon afhandel nie (1991:81). Die leer, kerkorde en besondere sake waarna hy verwys, is vaag en kon net sowel die taak van die generale sinode omskryf het. Die dissipline en "regspraak" waarna hy verwys, kan by nadere ontleding moontlik ooreenstem met Nauta se standpunt.

Die knaende vermoede bestaan egter dat Van Wyk hiermee eintlik nie die agenda van die partikuliere sinode blootlê nie, maar die volgorde waarin hierdie sinodes sake behandel het. Plomp versterk hierdie vermoede as hy in sy bespreking van die Sinode van Emden

19 Ek verwys hier na die Gereformeerde Kerke in Nederland (vrygemaak) wat teruggaan op die konflik Schilder-Generale Sinode in 1944 (Bos 1980:80).

20 Kerkvergaderings is natuurlik nie howe wat regspraak bedryf nie, maar hoogstens kwasi-judisiële liggame wat oor geloofsake uitspraak gee waaraan regskante verbonde mag wees of waarby regsaspekte betrokke kan wees (vergelyk NGK 2003:23 art. 60.3).

van 1571 beweer dat die leer, kerkregering en besondere sake of *facta particularia* bloot 'n aanduiding van die volgorde was waarin partikuliere sinodes sake behandel het. Volgens sy waarneming moes die partikuliere sinodes volgens Emden slegs daardie sake hanteer wat kerkrade en klasses nie kon afhandel nie én wat alle gemeentes in die sinodale gebied raak (1971:92-93). Hoewel 'n ondersoek na die kerkorde van Emden self nie hierdie opmerkings van Plomp bevestig nie, bevestig die kerkorde van die volgende algemene sinode, die van Dordrecht in 1578, dit wel. In artikel 37 en 40 word sy stellings oor beide die agenda en die volgorde teruggevind (Biesterveld en Kuyper 1905: 107-108). Ook Middelburg in 1581, Den Haag in 1586 en Dordrecht in 1619 handhaaf hierdie bepalings (respektiewelik Biesterveld en Kuyper 1905:147-148, 199 en 234). Daarby bevestig die Dordtse Kerkorde van 1619 Nauta se swarigheidsdeputate en sy deputate wat klasses moes bystaan met hulp en advies oor diverse kwessies (Biesterveld en Kuyper 1905:239).

## 5. PARTIKULIERE SINODE EN GEMEENSKAPLIKE SAKE

Die oortuiging in die Dordtse kerkordelike tradisie dat 'n partikuliere sinode ook daardie sake hanteer wat al die gemeentes in die gebied van die betrokke partikuliere sinode raak, laat hierdie vergadering wegbeweeg van 'n blote duplisering van die klassis. Die vraag is egter: hoe verskil dit inhoudelik met die opgesomde taak van die algemene sinode? Is die algemene sinode dan nie die liggaam wat die gemeenskaplike belange van al die gemeentes of van die kerke in hulle breedste verband, moet hanteer nie? Of het ons hier te doen met gemeenskaplike sake beperk tot die gemeentes in die gebied van die partikuliere sinode? Sou byvoorbeeld leerkwessies wat al die gemeentes in 'n partikuliere sinode raak, ook hier hanteer kon word? Veral in die lig van die beginsel dat meerdere vergaderings nie sake hanteer wat op mindere vergaderings afgehandel kan word nie? Maar, is dit dan nie juis hier waar daar 'n vloeibaarheid tussen die sake van die partikuliere en algemene sinode intree nie?

Volgens Spoelstra moes die partikuliere sinodes klasses adviseer, onderlinge sustensasie verleen en appélle, gravamina en eksamens han-

teer. Hy staan dus nie ver van Nauta af nie. Verder beweer hy dat partikuliere sinodes dikwels oorbodig en onbetrokke voorkom omdat kerke neig om sake in algemene sinodes te sentraliseer en omdat partikuliere sinodes te maklik en te onkrities sekere sake na algemene sinodes deurstuur (1989:280). Hy gooi dus wal teen 'n saamtrek van die sake waarna in die vorige paragraaf verwys word, in die algemene sinode.

Om die kwessie van wat op die agendas van partikuliere sinodes was, te kompliseer, beweer hy egter ook dat die destydse Waalse gemeentes in Gereformeerde Nederland ook hulle eie partikuliere en nasionale (algemene) sinodes kon onderhou waar hulle hulle Franse belydenis, kategismus, liturgie, Bybelvertaling en liturgiese formuliere kon versorg (1989:278). Die Kerkordes van Dordrecht in 1578, Middelburg in 1581, Den Haag in 1586 en Dordrecht in 1619 bevestig die vergunning vir Waalse partikuliere sinodes (vgl. respektiewelik Biesterveld en Kuyper 1905:151, 204, 240) en die van Dordrecht in 1578 die moontlikheid van 'n nasionale (algemene) sinode (Biesterveld en Kuyper 1905:109-110). Omdat laasgenoemde die enigste een is wat aan die Wale die vergunning gee om 'n algemene sinode te hou en dit nie in die latere kerkordes herhaal word nie, wil dit lyk asof hierdie vergunning na 1578 herroep is. Dit sou kon beteken dat hulle partikuliere sinodes ook hulle Franse weergawe van die belydenis, liturgie en liturgiese formuliere as sake wat alle gemeentes binne hulle gebiede raak, hanteer het.

By die vorming van sy algemene sinodale verband in 1962 het die NG Kerk hom ook breedweg gehou aan die Dordtse tradisie in sy onderskeiding van die werksterrein van die partikuliere (die NG Kerk praat net van "sinodes") en algemene sinode. Oor genoemde gemeenskaplike sake van die "plaaslike kerke" in die gebied is bepaal dat die sinodes die gemeenskaplike sake van hulle gemeentes hanteer, "met die uitsondering van sake wat by die Algemene Sinode tuishoort" (NGK 1962:7). Hierdie bepaling is sedertdien net so gehandhaaf (NGK 2003:16). Hiermee het die NG Kerk ten minste aangedui dat hy bewus is van die probleem wat daar oor die onderskeid in werksterrein tussen die sinode en die algemene sinode bestaan. Of die betrokke formulering in praktyk gehelp het, is 'n ander vraag. Im-

mers, wie anders as die betrokke sinodes bepaal watter gemeenskaplike sake by wie tuishoort?

Die probleem met die onderskeid in werksterrein tussen die sinode en algemene sinode in die NG Kerk is, naas die onduidelikheid oor waar die sake hoort wat ál die gemeentes raak, 'n historiese een. Dat partikuliere sinodes in die NG Kerk sedert die vorming van die algemene sinodale verband in 1962 ongekwalifiseerd "sinodes" genoem word, is op sigself al 'n terminologiese simptoom van hierdie probleem. Want daarmee word eintlik geïmpliseer dat die sinodes wat voor hierdie datum die breedste vergaderings van selfstandige sinodale verbande was, op enkele punte na, net so voortgaan. Die sinodes het relatief selfstandig gebly en bloot net nog 'n algemene sinode bygekry. Daarom verskans die Kerkorde artikel 36 en 37 die reg van elke samestellende kerk of sinode om met behoud van sy vroeëre selfstandigheid uit die algemene sinodale verband te tree. En hoewel die sinodes binne die raamwerk van die besluite van die Algemene Sinode moet optree, word baie van die sake wat by laasgenoemde hanteer word, ook by eersgenoemde hanteer. Voorbeelde hiervan is die volgende: ten opsigte van die wysiging van die belydenis moet die Algemene Sinode plus elke sinode dit met 'n tweederde meerderheid goedkeur — die belydenis is dus nie in die hande van die Algemene Sinode alleen nie (NGK 2003:18),[21] sedert 1962 maak elke sinode — aanvullend by die artikels van die Algemene Sinode — steeds óók sy eie kerkordebepalings sodat kerkordes op 'n stadium omvangryk en dus sterk reglementerend geword het,[22] en elke sinode het ook 'n leer- en aktuele sake-, getuienis-, jeugkommissie en so meer (NGK 2003:17).

21 In beginsel moet die aard en grondslag van die kerkverband deur die gemeentes (kerkrade) goedgekeur word, omdat kerkverband 'n verband van gemeentes is en hulle dus tevrede moet wees met die aard van hierdie verband (Strauss 1999:32vv.; vergelyk NGK 2002:57).

22 Genoeg reformatoriese invloed het sedertdien in sommige sinodes deurgewerk om alleen bepalings van 'n duursame en meer algemene aard in kerkordes op te neem. Die Vrystaatse Sinode van 1999 het byvoorbeeld geheel en al weggedoen met eie bepalings en bloot besluite en kommentaar by die artikels van die Algemene Sinode gevoeg (NGK in die OVS 1999:1vv.)

Aan die een kant sou hierdie toedrag van sake die nakoming van die beginsel dat meerdere vergaderings — hier die Algemene Sinode — nie sake hanteer wat deur mindere vergaderings afgehandel kan word nie, kon bevorder. Aan die ander kant lei die vaagheid in die onderskeid tussen die werksterrein van die sinode en die Algemene Sinode in elke geval daartoe dat laasgenoemde hierdie sake ook hanteer, sodat hierdie beginsel in elke geval nie eerbiedig word nie. Daarby is dit 'n vraag of hierdie duplisering rekening hou met die afgebakende en prinsipieel beredeneerde agenda van die Algemene Sinode as 'n sinode wat daardie sake hanteer wat al die gemeentes gemeenskaplik raak.

En tog is die feit dat sinodes in die NG Kerk ook sekere sake ter tafel neem wat in ander gereformeerde kerke deur die generale sinode hanteer word, nie net negatief nie. Net soos daar in die sestiende en sewentiende eeue in die ou Gereformeerde Kerk in Nederland ruimte vir Frans as taal en die aanwesigheid van die Waalse gemeentes binne die algemene sinodale verband gemaak moes word, net so kan groter eenheid in die NG Kerkfamilie dit noodsaak dat gemeenskaplike sake met 'n eie taal en kultuurkant in partikuliere sinodes in die NG Kerk hanteer word. As sinodes dus daaraan gewoond is om sake wat ook deur die Algemene Sinode hanteer word, te hanteer, skep dit reeds 'n geestelike infrastruktuur vir so 'n ontwikkeling. Die feit dat byvoorbeeld die Algemene Sinode van die NG Kerk in Afrika hom sedert 1963 met sake soos die vasstelling én vertaling van die belydenis, die goedkeuring van die amptelike Bybelvertaling, die sangbundel vir gebruik in die erediens en eie liturgiese ordes en gebruike besighou (NGKA 1999:6), sal in een toekomstige NG Kerkverband in ag geneem moet word. So 'n benadering skep in elke geval ook ruimte vir 'n groter erkenning van die beginsel dat meerdere vergaderings nie sake hanteer wat op mindere vergaderings afgehandel kan word nie.

'n Interessante verskynsel by gereformeerdes is dat 'n gebrek aan eenstemmigheid wat tot op die vlak van Skrifverstaan en die belydenis kan deursny, normaalweg die krag van die kerkverband verswak. Hoe sterker die eenstemmigheid of geestelike eenheid oor daardie sake wat gemeenskaplik is, hoe kragtiger die verband (Strauss 2001: 397-398). Die gevolg hiervan is dat groepe wat in hierdie opsig in die partikuliere of algemene sinode 'n teenstander vind, wil verminder

aan die sake waaroor so 'n vergadering mag handel, terwyl diegene wat op hierdie vergaderings hulle sin kry, nie so 'n drang het nie (NGK 2002:291).

Hoe die probleem rondom die vaagheid oor gemeenskaplike sake ten opsigte van die werksterrein van die partikuliere en algemene sinode opgelos moet word, bly 'n ope vraag. Vanuit 'n gereformeerd kerkregtelike hoek beskou, is dit altyd goed dat partikuliere sinodes 'n remmende invloed op die "pouslike" neiging tot sentralisering van sake in 'n algemene sinode openbaar. Dit moet kerkordelik daarop uitloop dat partikuliere sinodes soveel as wat sinvol is van die gemeenskaplike sake tussen gemeentes moet hanteer en dat algemene sinodes hulle met sake wat werklik algemeen is, moet besighou. Boonop maak die aard van die kerk as 'n geloofsverband wat deur oortuiging en oorreding werk, dit bruikbaar en nuttig dat partikuliere sinodes wat nader aan die gemeentes staan, hulle menings oor dié sake deurgee waarmee algemene sinodes werk. In die lig hiervan wil dit voorkom asof die drie groot historiese agendapunte waarmee partikuliere sinodes in gereformeerde kerke hulle in die verlede bemoei het, tog 'n implementering van goeie gereformeerde beginsels is. Hierdie sake is natuurlik om as instansie van advies en appél vir klasses te dien, om die las van die algemene sinode te verlig deur sake te hanteer wat te maklik na laasgenoemde "aangegee" word en om die gesamentlike werk van die gemeentes in die sinodale gebied te behartig (NGK 2002:289-290). As laasgenoemde ook werk na buite insluit, is dit die werk vir en namens die gemeentes waarna vroeër verwys is. Hieronder kan sake soos 'n gesamentlike getuienis of standpunt na buite, teologiese opleiding, sending- en barmhartigheidswerk — of dan die missionêre diakonaat — aangestip word.

Op die vraag hoe gereeld partikuliere en algemene sinodes moet byeenkom, is die antwoord: na behoefte en omstandighede. Net soos die instel van partikuliere sinodes in die diskresie van 'n bepaalde kerkverband lê, lê die tye van samekoms van hierdie vergaderings in die diskresie van so 'n verband. Beter nog, lê hulle tye van samekoms in die diskresie van die betrokke vergaderings wat hulle opdragte selfstandig moet uitvoer.

# 6. SLOT

Hoewel daar sterk aanduidings bestaan vir die aard en samestelling van partikuliere en algemene sinodes in 'n gereformeerde kerkverband, kan dieselfde nie van die funksie of werksterrein van hierdie sinodes gesê word nie. Daar is egter gereformeerde beginsels wat ten opsigte van laasgenoemde rigtingewend kan wees. Beginsels soos dat meerdere vergaderings nie sake hanteer wat op mindere vergaderings afgehandel kan word nie, die anti-hiërargiese beginsel dat geen vergadering hoër en belangriker as 'n ander is nie en almal op sy terrein met 'n van Christusverleende gesag of bevoegdheid optree én dat onnodige duplisering uitgeskakel moet word.

# BIBLIOGRAFIE


BAVINCK H
1967. *Gereformeerde Dogmatiek IV*. Kampen: Kok (5e onveranderde druk).

BIESTERVELD P & KUYPER H H
1905. *Kerkelijk Handboekje*. Kampen: Bos.

BOS C G
1980. *Nederlandse Kerkgeschiedenis na 1945*. Groningen: De Vuurbaak.

BOUWMAN H
1985. *Gereformeerd Kerkrecht II*. Kampen: De Groot Goudriaan (3e onveranderde druk).

BRINK W P & DE RIDDER R R
1980. *Manual of Christian Reformed Church Government*. Grand Rapids: Christian Reformed Church.

HARMANNIJ K
1990. *Wegwijs in de kerkorde*. Barneveld: De Vuurbaak.

HOVIUS J
1972. *Notities betreffende de Synode van Emden, 1571, en haar artikeln*. Kampen: Kok.

KERKINFORMATIE 1998.

KLEYNHANS E P J
[*s.a.*] *Die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*. Sl:sn.

KUYPER H H
[*s.a.*] *De Post-Acta of nahandelingen van de nationale synode van Dordrecht in 1618 en 1619 gehouden*. Amsterdam: Hoveker en Wormser.

KUIPER B K
1995. *The church in history*. Grand Rapids: Eerdmans.

NGK (Nederduitse Gereformeerde Kerk)
1962. *Die Kerkorde*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
1994, 2002. *Handelinge van die Algemene Sinode*. Sl:sn.
2003. *Die Kerkorde*. Wellington: Lux Verbi.BM.

NGKA (Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika)
1999. *Kerkorde*. Sl:sn (ongepubliseer).

NAUTA D
1971. *Verklaring van de kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland*. Kampen: Kok.

PLOMP J
1971. De kerkorde van Emden. In: D. Nauta *et al*., *De Synode van Emden 1571-1971* (Kampen: Kok), pp. 88-121.

PONT A D
1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg*. Pretoria: HAUM.

REC (Reformed Ecumenical Synod)
1996. *Memories 1946-1996*. Grand Rapids: REC.

RULLMAN J C
1929. *De Doleantie in de Nederlandsch Hervormde Kerk der XIXe eeu*. Kampen: Kok.

RUTGERS F L
[*s.a.*] *Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeu*. Utrecht: Kemink en Zoon.

SADLER T H N
1991. Lidmaatskap: gebruike in die NG Kerk. In: P.J. Strauss (red.), *Byderwets en gereformeerd* (Bloemfontein: Pro Christo), pp. 65-75.

SPOELSTRA B
1989. *Gereformeerde kerkreg en kerkregering*. Hammanskraal: Teologiese Skool.

STRAUSS P J
1989. Geen kerk oor 'n ander… *Acta Theologica* 9(1):1-14.

1997. Ecclesiastical assemblies possess, each according to its own character, an ecclesiastical authority entrusted to them by Christ. In: H.J. Selderhuis (red.), *Ordenlich und fruchtbar* (Leiden: Groen en Zoon), pp. 79-98.

1999. Die goedkeuring van kerkrade vir 'n nuwe verband in die NG Kerkfamilie? *Acta Theologica* 19(2):32-54.

2001. Kerkverband in die NG Kerk vandag. *NGTT* 42(3 & 4):395-405.

VAN DELLEN I & MONSMA M

1968. *The Revised Church Order commentary*. Grand Rapids: Zondervan.

VAN WYK B J

1981. *Die Presbiteriaal-sinodale kerkbegrip.* Pretoria: Kital.

*Trefwoorde*

Gereformeerde kerkreg

Partikuliere sinodes

Algemene sinodes

*Keywords*

Reformed Church Polity

Particular synods

General synods